higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N6
(Eerste vraestel)

(5140286)

10 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke en TWEE addisionele verwysingsbronne mag gebruik word.
Geen elektroniese woordeboeke mag gebruik word nie.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOMMUNIKASIE N6
(Eerste vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND

Mnr. Tony Krige is die eienaar van The Home Guru – 'n baie gewilde besigheid in Pietermaritzburg wat spesialiseer in binnehuise ontwerp en versiering. Een van The Home Guru se grootste verskaffers van grondstowwe is bankrot verklaar.

Mnr. Krige sal dringend met nuwe verskaffers moet skakel sodat sy besigheid steeds die sperdatums van die onderskeie projekte waarmee hulle besig is, kan bereik.

Donnie Abrahams werk reeds die afgelope twee jaar as mnr. Krige se persoonlike assistent en is verantwoordelik vir alle korrespondensie.

VRAAG 1: NOTULE VAN VERGADERING

'n Spesiale vergadering is op 25 Mei om 14:45 in die personeelkamer gehou. As sekretaris is dit Donnie se verantwoordelikheid om die vergadering te notuleer en die notule aan personeel te stuur.

Gebruik Donnie se kernnotas om die notule van hierdie vergadering saam te stel.

<u>Kernnotas</u>

Bygewoon – 12
Anka Pretorius verskoning – griep
Voorsitter Krige open – bedank lede vir vinnige optrede en bywoning op kort kennisgewing

Nuwe moontlike verskaffers – verskaffer van grondstowwe, KTM, bankrot. Benodig nuwe verskaffers. Mnr. Krige vra voorstelle. Mnr. Uys stel Tristan's Stones and Tiles in Durban voor – voer teëls in van Switserland, Italië. Me. Steenhuys stel PCP Sement voor – goedkoop en betroubaar – in Greytown. Mev. Jackson stel Droomland Meubelvervaardigers in Mooirivier voor – goeie gehalte, groot verskeidenheid. Mnr. Krige – afsprake maak, besighede besoek en dan besluit neem. Sal besoek aflê 2 en 3 Junie.

Vergadering sluit om 15:50.

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
2	14	4

[20]

VRAAG 2: INTERN MEMO

Daar het ’n krisis ontstaan by een van The Home Guru se projekte. Kliënte was nie tevrede met die uitleg van hul nuwe kombuis nie. Mnr. Krige wil nou direk betrokke wees wanneer die kombuis wéér oorgedoen word. Dit beteken egter dat hy nie besoek by die potensiële verskaffers sal kan aflê nie. Hy vra mnr. Uys, die aankoopbestuurder, om in sy plek besoek af te lê by die potensiële verskaffers.

Donnie word gevra om ’n memo aan die personeel te rig om hul van die hierdie verwikkelinge in te lig. Personeel wat materiaal of items vir projekte benodig, moet vóór of op 30 Mei hul bestellings plaas.

Stel die memo op wat deur mnr. Krige onderteken sal word.

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
5	6	4

[15]

VRAAG 3: NAVRAAGBRIEF

Donnie kry die opdrag om namens mnr. Uys ’n navraag aan PCP Sement te rig.

Donnie moet aandui dat mnr. Uys, die aankoopbestuurder, besoek wil aflê en hy moet die rede vir die besoek verduidelik. Donnie moet uitvind wie die regte bestuurder is om te sien en of die bestuur beskikbaar sal wees vir ’n besoek op 2 Junie om vieruur die middag.

Verder moet Donnie navraag doen of dit moontlik sal wees om verskillende beskikbare produkpakkette vir mnr. Uys saam te stel. Aangesien mnr. Uys die bestuurder wil uitneem vir ’n vroeë ete om die besoek mee af te sluit, kan die bestuur ook geskikte restaurante voorstel. Laastens moet Donnie voorstelle versoek vir moontlike gastehuise waar mnr. Uys kan oornag.

Stel hierdie navraagbrief op.

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
4	11	5

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: REISPLAN

Dit is ook Donnie se verantwoordelikheid om vir mnr. Uys 'n reisplan saam te stel. Gebruik die onderstaande notas om hierdie reisplan op te trek.

Kernnotas

2 Junie
08:00 – Woon finansiële vergadering by The Home Guru by
10:00 – Vertrek vanaf Pietermaritzburg. Maatskappy Polo. Petrolkaart by sekretaresse. Arriveer ongeveer uur later, Durban. Nog twintig minute tot by Tristan's Stones and Tiles. Ontmoet mnr. Moodley, die algemene bestuurder. Onderhoud en besoek aan organisasie – ongeveer 'n uur. Adres: Alpha Cres 17, Umbilo industriële gebied,
Middagete by 9th Avenue Bistro in 2 Avonmore Sentrum, 9de Laan, Morningside. Vertrek om 14:00 uit Durban.

Rit neem ongeveer twee ure. Arriveer in Greytown vir ontmoeting – Mnr. Jameson: PCP Sement. Onderhoud en besoek aan fabriek – ongeveer 1 uur. Tafel bespreek by Golden Oriole Restaurant om 18:00 – Cooper Straat 112. Tel kamersleutel op by Rawstornes B&B (soos afgespreek met mev. Smith) – 8 uur.

3 Junie

Ontbyt bedien in Rawstornes B&B eetsaal om 7.
Vertrek uur later uit Greytown.
Arriveer om 9 – Mooirivier
Sien mnr. September van Droomland Meubelvervaardigers. Besoek neem ongeveer uur.
Vertrek terug – Pietermaritzburg – ongeveer 'n uur
Arriveer Pietermaritzburg – handig maatskappy voertuig se sleutels by sekretaresse in. Word res van die dag verskoon.

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
3	17	5

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: TERUGVOERVERSLAG

Op die dag van sy terugkeer verwittig die sekretaresse mnr. Uys dat mnr. Krige opdrag gegee het dat hy 'n formele terugvoerverslag moet saamstel wat die volgende dag met sy terugkeer na die werk gereed moet wees. Mnr. Uys wil die verslag in die oggend deurgaan en sal die bevindinge tydens 'n spesiale vergadering later die dag bespreek.

Mnr. Uys het die volgende bevindinge gemaak:

Mnr. Moodley en sy span het mnr. Uys beïndruk met hul professionalisme en die ordelike uitleg van die besigheid. Die plaaslike produkte word teen billike pryse verkoop, maar die hoëgehalteprodukte wat ingevoer word, is duursaam.

Mnr. Jameson is bereid om materiaal teen 20% afslag te verskaf indien 'n bestelling van R10 000 of meer geplaas word.

Mnr. September is aan die stuur van 'n klein organisasie met slegs ses werknemers. Die organisasie sal dus nie groot bestellings kan hanteer nie.

Gebruik die volgende opskrifte om die terugvoerverslag saam te stel:

1. Agtergrond
2. Doel
3. Potensiële verskaffers
   - 3.1 Tristan's Stones and Tiles
   - 3.2 PCP Sement
   - 3.3 Droomland Meubelvervaardigers
4. Gevolgtrekking
5. Aanbevelings (Gee TWEE.)

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
5	10	5

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou